## 18 Julie 2020 - Die Gilgal Klipwiel se 3 jarige Herdenkingsdag

### Woord van Vader op 13 Julie 2020 aan Daniel Grobbelaar

"MY kind, dit is EK, EK IS WAT EK IS in jou hart. Ek het jou opgewek om weer te skryf vir MY in hierdie laaste tye. Let op, MY kneg en bring MY Woord aan My Dogter van Sion in Suid-Afrika. Geseënd is hulle wat let op MY Woorde van Liefde en hulle skaar by hulle Verlosser, want EK sal julle almal beskerm en bewaar in die tye van benoudheid wat aangebreek het. Vertrou op MY en weet dat EK met julle is MY kinders!

MY kneg, onthou jou ervaring met MigaEL? Daar waar jy Siener gesien het met 'n Blou Brief in sy hande? Ek maak jou attent op die Drie Blou Briewe MY kneg.

Vra MY meer en wees soekend in al die Woorde en tekens wat EK jou gegee het al. Diep en wyd sal EK jou lei in die wonderlike dinge wat EK vir MY Boerevolk en MY Dogter van Sion voorberei en vir julle gaan doen. EK is alreeds besig; daarom bly vashou aan MY, MY kinders! EK is getrou en EK is lief vir julle! EK is lief vir AL my kinders, so lief! So lief dat elke asem wat julle kan neem al klaar onmeetbare Liefde vanaf MY is aan julle.

Ek wek MY EliJaH Gees op in hierdie tyd! Hy sal verslaan die woorde van valsheid en besoedeling wat MY Volk gevange hou. HY sal voorwaarts gaan op die Wind van MY Gees en hy sal MY Opdragte uitvoer. Die valse profete, valse boodskappers en die hoogmoedige leraars met dubbele harte sal ontbloot word en MY LIG sal alle duisternis verdryf! Daar sal geen wegkruipplek wees vir die profete en voorstanders van MY teenpool nie! MY LIG DEURVORS ALLES! EK IS!

Siener van Rensburg was MY getroue kneg om aan sy nageslag visioene neer te pen om hulle te laat let op gebeure en tye. Sien julle MY Getroue Hand in al julle sake, MY Dogter? Daar sal 'n man wees met 'n bruin pak wat groot dinge sal doen en EK werk deur hom om MY Wil te volbring in hierdie tye en die komende tye. MY knegte sal EK ten volle opwek en julle, My Boerevolk moet let op MY Werkende Verlossende Hand wat aan julle MY LIEFDE skenk.

Honderd vier en veertig duisend sal daar wees! EK sal hulle uitverkies en verseël! Groot geestelike rykdomme wag vir julle wat MY LIEFHET en julle naaste soos julleself. Die HUWELIK bo alle huwelike sal plaasvind tussen MYSELF en MY Skone Bruid wat Haarself getooi het met MY LIEFDE en op MY gewag het. Julle kan deel van die Bruid wees, kom net na MY! Kry julle olielampe vol, want die tye waarvan geprofeteer is, is op hande! Hê MY lief in alle vlakke en fases van julle lewens en strewe om julleself te reinig deur aan julleself te werk. WERK AAN JULLESELF om skoon te kan staan voor jul Skepper. EK soek harte van Liefde bo ALLE Liefde en bereidwillige harte wat MY dien en wil dien uit VRYE WIL. Gehoorsaam MY, nie omdat julle moet nie, maar omdat julle WIL en omdat julle MY eer en liefhet. Julle kom dan vanuit MY, EK het julle geken voordat julle hier op aarde gebore is.

MY Dogter van Sion en MY Geliefde Boerevolk, julle is bestem vir 'n GROOT OPDRAG EN DOEL. Kom vra MY eendragtig in julle harte en EK sal aan julle antwoord gee. Geloof, Hoop en Liefde in en vir MY is wat julle nodig het om te oorwin. Julle kan elke en alle vyande van julle siele en harte oorwin en vertrap deur MY aan te neem as julle Verlosser en Saligmaker! Dit is EK: DIE LIEFDE! Alles kom vanuit DIE LIEFDE. MY OERGROND-POOL van Ewige LIEFDE is EDEL. Daarom, neem MY Gees in julle op en maak julle Kruike vol! Verruil die ou wynsakke vir nuwe, ewiglewende houers wat MY Verlossende Liefdeswyn kan stoor. Gaan dan en skink hierdie Wyn vir julle naaste uit deur naasteliefde te beoefen.

MY Boerevolk, EK sien alles wat julle doen. MY Lewende Kinders en My Knegte sien wat julle doen, Abraham, Isak en Jakob! Dawid, Salomo, Johannes, Daniel, Sagaria en Henog! Tot julle voorgeslagte hou julle dop met groot verwagting in hulle ewiglewende harte: Nikolaas, Paul Kruger inkluis! Al die vermoorde kinders en vrouens in julle vorige Boereoorloë hou julle dop, MY Volk! Bantjes en Pretorius hou hulle oë in volle hoop op julle dat julle nie SAL FAAL NIE! Dat julle die Geloftes wat hulle begin het, elke dag sal onderhou met LIEFDE BO ALLE LIEFDE! Daarom wek EK, EK IS WAT EK IS, JAHSHUA DIE MEESTER, DIE GEKRUISIGDE VAN GOLGOTHA, julle op om dapper te wees vir MY in gehoorsaamheid. Twyfel geensins meer nie en doen met alle ywer dit wat EK julle harte oplê.

Daar is groot werk om te doen in die Weste MY Dogter, die gifpyl moet uit en EK wil alles herstel en nuut maak. EK wil julle hartsbegeertes vervul, solank as wat EK deur julle toegelaat sal word om die enigste KONING oor julle te wees. Bly by MY, kyk nie om julle nie en fokus nie op die wêreldgebeure nie! Moenie dat MY teenpool julle laat vrees en bekommer nie. Kyk dieper en wyer en sien dat MY Plan volmaak is en dat daar HOOP is! HOOP! Vertrou MY, o My kinders en suiwer julle harte voor MY. Wees lief vir mekaar in Vrolikheid en Opregtheid. Help mekaar en laat My Gees deur julle vloei met groot Krag!

Die Ligstraal! Die Ligstraal! Hoor MY Stem, MY Volk: DIE LIGSTRAAL! MY KRAG VAN LIEFDE wat deur julle sal vloei in harmonie en in Werksame Liefde!

MELGISEDEK! Gilgal, die bymekaarkompunt van almal wat bereid is om die mure van Jerigo te verpletter, nie deur eie krag of geweld nie, maar deur MY GEES!

Wees lief vir MY in vrye wil, MY kinders en moenie MY VERLOSSINGPLAN MISLOOP NIE en wees nie siende blind of horende doof nie! Neem kennis van die werking en Leiding van julle MEESTER, EK IS WAT EK IS!

EK is lief vir julle. Staan sterk in julle Geloof in MY, DIE LIEFDE! EK is Waarheid. EK IS die WEG. Volg MY in julle

harte en kom gee alle laste vir MY. EK sal ELKE traan afvee en alle smarte wegneem.

Dit is EK, die EL van Lewendes! Bly in MY en bring vir MY heerlike Offers in julle harte.

DIE LIEFDE, EK IS!"

**Woord op 16 Julie 2020 aan Daniel Grobbelaar**

"Skrywe MY Woorde MY kneg, dit is vir My Vaderhart verblydend dat jy ywerig is om meer en meer geestelike skatte te wil ontvang vanuit My Woorde aan jou en aan MY kosbare Volk. MY Dogter, die Tweesnydende Swaard het vanuit My Mond gekom! Daarom is dit belangrik dat ELKE Woord vanuit MY aan julle, julle die geleentheid daartoe bied om nog kragtiger vir MY te kan arbei aan julle siele. Dit stel julle in staat om te oorwin oor elke duister gedagte of sonde in julle en om nog meer en meer LIEFDE uit te straal vanuit julle harte na mekaar.

DIE LIEFDE oorwin en daar is niks wat nie oorwin kan word nie! EK is aan julle sy, die Leeu van Judah! En dit sê EK aan julle, MY Volk, regoor My Suid-Afrika: DIE LEEU BRUL VANUIT SION!

Strewe nie meer na die wêreld se valse woorde van verlossing en voorspoed en genot nie, want EK het julle gewaarsku teen die web van MY teenpool, die net van die voëlvanger! Kom na MY in julle harte en kom dat EK julle harte verlos, heel en vertroos om al die skade en smarte weg te neem deur MY Warm Gees van Barmhartigheid.

Dink julle hierdie winter is so koud per toeval? Hierdie lang en uiters koue winter stel die wintertoestand voor in die harte van My Volk! My Volk leef vanuit koue harte teenoor mekaar en MY. Hulle leef in 'n wanbegrip en strewe geensins om by die lente-bloeisels van My Gees uit te kom nie. Hulle klou vas aan alles wat hulle weghou van MY en die Bome dra nie Vrugte van MY Gees nie. Dor, droog en koud, uiters koud is die teenpool dade wat MY kinders teister en hulle laat dit toe!

Kom MY kinders! Laat MY toe om in julle te werk sodat Ek deur MY Woord saad kan kom saai in julle hartslande. Maak skoon julle harte, laat gaan alles wat julle laat struikel en wat julle hartsgrond onvrugbaar maak. Haal die bossies en doringbome wat geen nut het nie, uit julle hartslande uit: Liefdeloosheid, ongeduld, gejaag na geld, aardse plesiere, skinder, kwaad, hoogmoed en haat. Maak skoon, maak skoon MY kinders, die tyd is min!


Deur totale oorgawe aan MY en MY Woord in Geloof en Vertroue sal julle in Oorwinning leef en Vrolik wees. Julle sal geestelik strewe en verby mekaar se foute kyk en eerder mekaar aanvul en ophelp tot groei. Begin by jouself en wees soos Joshua!"

Net na hierdie woorde van JAHSHUA sien ek, Daniel, hoe JAHSHUA kom na die Gilgalwiel saam met 'n ander man. Die naam Henog weergalm in MY hart en ek sien hoe JAHSHUA aan Henog opdrag gee om die Westelike Speek van die Wiel wat swart gebrand het, moet vervang met 'n Goue Speek. Ek sien hoe JAHSHUA SY Linkerhand uitstrek oor die Wiel en oor die hele land en vanuit Sy Hand kom 'n groot Goue Staaf en HY oorhandig dit aan Henog. Henog haal toe die verbrande droë hout uit en hy kyk na my en sê: "Onthou die visioen van Esegiël! MY Koning, ons MEESTER, haal hierdie dooie beendere uit en bekragtig die Wiel met Sionsgoud, gelouter!" Hy plaas toe die Nuwe Goue Speek in posisie en JAHSHUA kom na MY en plaas SY Linkerhand op my kop en sê: "MY kneg, kloksgewys sal die hele Wiel, speek vir speek vervang en bekragtig word deur MY Sionsgoud wat nooit sal vervaag in DIE LIEFDE nie. Dit, MY Dogter van Sion, is MY Seëninge aan jou! Meer en nog meer sal EK aan jou MY Woord bring, breek MY Brood en deel dit uit aan al MY kinders.

Kyk uit My kinders, My Bruid, kyk uit vir die Roos van Saron!

Skryf tot hier MY kneg en bly gefokus op MY."

## Die 7geeste korrespondeer met 7 energiepunte



## Die Gilgal Gelofte afgelê op 18 Julie 2020

**Die Nuwe Gelofte by Migdol gegee op 28 Oktober 2008 en wat ook op 15 Julie 2017 vrywillig vir 7 dae afgelê was by die Dogter van Sion gemeente te Kameeldrif 225, Pretoria**

### INLEIDING

My lieflingskinders, hoor die stem van jul Vader. Ek, die Heilige, die Ewige, spreek; julle gelofte sal julle doen ter bevryding van julle volk, omdat Ek julle gekies het as tussenpersone, as middelaars en verteenwoordigers van My volk. Ek wil julle gebruik ter verlossing van die reine en onreine wat nog te red is in My mense. Ek is Sion se Man. Sion is My Bruid en Ek sal Myself bekend maak in haar. Julle gelofte en klipstapel sal die simboliek wees vir die oprigting van die pilaar in My volk ter bevryding van haar. Ek sê: Wees geseënd in My aarde, want Ek het julle vrygekoop en daarom woon julle in haar. Wees geseënd terwyl Ek, die Leeu van Judah langs julle loop en julle dade betrag. Wees geseënd met My Krag en outoriteit om die bose te kan bind om My volk te kan red. Ek sal My gelofte met julle sluit ter wille van julle volk, want omdat opregtes in My volk is, daarom sal Ek hulle spaar, maar reinig. Ek sal reiniging bring vir die wat nog skoon kan kom.

### DIE VERBOND

My verbond met julle is die volgende:

Ek, as Vader van alles, rig My verbond op met die geseëndes in Liefdeskrag, My reine blom, wat haar knie nie voor Baäl gebuig het nie. Julle is My pilaar, My vesting vir My volk. Julle sal julle lewens aflê vir hulle wie My moet dien in die woestyn. Julle sal hulle uitlei en bring in die land Kanaän as julle My take noukeurig sal opvolg. Ek wil hê dat julle monument vir ewig sal staan en so is My ewige verbond met julle gesluit om vir julle ‘n Man te wees en julle, saam met julle susters, Judah en IsraEl, My ewige bruid wie Ek sal verlos in die nag wat kom en wat alreeds saamgepak het oor julle, My Lig op aarde. Dit is My verbond: Verlossing.

### DIE GELOFTE

Julle gelofte is as volg:

Onse El, ons Vader, ons ewige Man, vir U ons Meester en vir ons volk. Voor U en U skare van engele in hemel en op aarde, maak ons dié gelofte, dat ons U Huis sal bou, die Vesting vir die Dogter van Sion. Ons en ons vaders, die vaders van hemel en aarde staan as een, met een hart, deur U verenig om U Liefde en U Barmhartigheid te bring tot diegene wat suiwer van hart en wese voor U mag staan. Ons bring ons lewens as eersgeborenes uit U Lewe en offer dit aan U, ons Maker en ons Man, sodat U kinders en naamgenote hulle skuiling en ewige verweer sal vind in die Huis deur U gestig. Neem ons lewens as offer, sodat ons mag terugkeer na ons Bron, sodat U Naam geheilig mag word en U ewige Apartheid mag heers in ons in die ewigheid. U Naam ter ere, Amein.

### GILGAL GELOFTE

Luister o ganse Aarde!
Hoor die Stem van jul Elohey;
Staan in 'n kring sy aan sy!
Kniel neer met Wapenrusting en getuig
die Barmhartigheid en laat die Liefde oor jul lippe juig!
JaHWeH jul Elohey daal neer vanuit die Woning van SY Apartheid; HY kom en loop oor die Hoogtes van die Aarde!
Kyk na bowe, kinders van Judah!
Kyk na bowe, o liefling seuns en dogters van die BOER!
Kyk na die wolke wat sagkens sweef oor die GEES van die Winde van Nederigheid en Genade!
Kyk na bowe vaders en moeders van die Gelofte!
Sien jul Elohey van LIEFDE! SIEN HOM!
Kniel neer; sy aan sy in samesyn;
Opgerig 'n Volk vanuit die modder wat SY Liefde bely!
'n Banier in Boereharte gedra vir mekaar,
hulle het hul ellendiges gewaar en op die harte was dit swaar.
Hande in die grond, o Boervolk; hande in die grond en ruik die vrugbaarheid van die Saad van julle Elohey! HY het kom saai in jul lande en met SY Voetspore jul grond bewerk. Sy het ook gekom, om die Geloof te bevestig in die mosterdsaad. Wees bly o Judah en Benjamin! Jou Elohey is getrou en HY doen SY Belofte gestand!
Gilgal opgerig in die Woning van Judah;
Elke las sal ons tot eer van JAHSHUA dra!
Want die Boerehart weet...
Dit is HY wat alle doodskettings breek!
Harte aan hande bind die LIEFDE saam,
O Joshua, oor die Jordaan sal ons gaan!
Hande aan hande sal ons die Ark van die Verbond dra;
Skouer aan skouer saam volg ons HOM: Majesteit onse Pa!
(Daniel Grobbelaar)

***GEBED...***

['n Gebed vir elke dag as teenvoeter vir Satan en redding vir ons volk want syfer 18 = 6+6+6 en word 'n tweede maal bevestig].

"Ons Vader JaHWeH wat in die Hemel is. Dankie dat U vir ons in U Woord vir ons die Gereedskap in Mattheus 18 vers 18 gee om ons te beskerm teen die bose. En ek doen dit nou:

Ek bind alle bose geeste en duiwels en demone en heksery wat in my, my huisgesin, my familie, my volk en die Dogter van Sion is en jaag hulle uit ons liggame uit en plaas ń seëning van Liefde, Lig en Lewe oor hulle sodat ons skoon voor U kan staan en hulle geen invloed oor ons lewe verder sal  hê nie, en ek weet as ek dit nou hier op die aarde doen, dan doen U dit ook in die Hemel. En ek ontbind enige bose spel of vloek wat oor my, my huisgesin, my familie, my volk en die Dogter van Sion gespreek is, sodat dit ons nie meer kan benadeel nie en ek doen dit nou en as ek dit hier doen op die aarde dan weet ek U doen dit ook in die Hemel. Baie dankie vir U liefde en genade.

Dankie vir U engele om my, my huisgesin, my familie, my volk en die Dogter van Sion om ons leiding te gee en te beskerm teen die bose wat alle virusse, bakterieë en bestralings insluit!

Dankie ook vir Siener se profesie van die Seiltjie waaronder ons kan skuil, wat Vader JaHWeH se Hand is en die Gilgal Klipwiel Gelofte bekragtig!

Ek bid dit in Die Naam van JaHWèshua..

Amein.









